higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

ARBEIDSVERHOUDINGE N5

(4110455)

28 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

107Q1B2028

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ARBEIDSVERHOUDINGE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A	:	40 punte
AFDELING B	:	160 punte
GROOTTOTAAL	:	200 punte

2. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

3. Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.

4. Lees al die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

7. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n … staking kom voor wanneer werknemers uit simpatie staak om werknemers by 'n ander werksplek te ondersteun.

A Primêre
B Sekondêre
C Ekonomiese
D Erkennings-

1.2 'n … staking is 'n ander naam vir 'n onbeskermde staking.

A Primêre
B Los ('wildcat')
C Simpatie-
D Geeneen van bogenoemde nie

1.3 'n … staking is 'n ander naam vir 'n sekondêre staking.

A Primêre
B Los ('wildcat')
C Onbeskermde
D Simpatie-

1.4 Watter EEN van die volgende is nie 'n funksie van die polisie tydens 'n staking nie?

A Om die publiek te beskerm
B Om die werkgewer te beskerm
C Om openbare steurnis te verhoed
D Om kante te kies

1.5 … is NIE 'n rede om statutêre beheer in die werksplek toe te pas nie.

A Die beskerming van werkgewers
B Die beskerming van werknemers
C 'n Veilige en gesonde werksplek
D Belasting

1.6 … is nie 'n metode waarvolgens 'n vakbond sy oogmerke kan bereik nie.

A Kollektiewe bedinging
B Media
C Uitsluitings
D Howe

(6 × 1) **[6]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die regering is die besluitnemer wat oor 'n land en die mense daarvan regeer.

2.2 Dit is die werkgewer se plig om te verseker dat 'n staking plaasvind.

2.3 Beroepsgesondheid en -veiligheid maak nie deel van die Wet op Arbeidsverhoudinge in RSA uit nie.

2.4 Die werkgewer moet werknemersrekords een jaar lank hou.

2.5 'n Dienssertifikaat word uitgereik wanneer 'n kontrak beëindig word.

2.6 'n Werknemer kan die grieweprosedure gebruik om sy/haar ontevredenheid met iets in die werksplek onder die bestuur se aandag te bring.

2.7 Kapitalisme is 'n vryemarkstelsel waarin 'n land se produksiemiddele beheer word.

2.8 Tugprosedures (dissiplinêre prosedures) is 'n manier waarop die bestuur werknemers se wangedrag kan hanteer.

2.9 Vaardigheidsontwikkeling in Suid-Afrika is 'n manier om die arbeidsmag te verminder.

2.10 'n Forum bly 'n medium vir die uitruiling van beskouings.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n woord of term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–P) langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Beplanning	A	samelewing waarin verpligte en vrywillige elemente in samehang bestaan
3.2	Organisering	B	behels die ontwikkeling van 'n organisasie-struktuur en toewysing van mensehulpbronne
3.3	Leiding	C	die kontrak word deur kollektiewe bedinging bepaal
3.4	Beheer	D	behels dat verseker word dat 'n werker se prestasie nie van die standaarde afwyk nie
3.5	Arbeidsbetrekkinge	E	die inhoud van die kontrak word deur die werkgewer en die werknemer bepaal
3.6	Bestuur	F	het betrekking op alle regsreëls wat nie in wetgewing voorkom nie
3.7	Arbeid	G	behels dat doelwitte gestel en 'n handelswyse bepaal word om daardie doelwitte te bereik
3.8	Kollektiewe ooreenkomste	H	werkers wat onder die toesighouer, leierskap en beheer van die bestuur ressorteer
3.9	Individuele ooreenkomste	I	behels die sosiale en informele invloedsbronne wat 'n persoon vir inspirasie kan gebruik
3.10	Gemenereg	J	toetstyd vir nuwe werknemers
3.11	Handves van regte	K	vervang alle ander wette van die land
3.12	Dienslewering	L	bestudering van die verhoudinge tussen mense in 'n werksituasie
3.13	Geslotegeledere-beginsels	M	verteenwoordig die eienaar se belange
3.14	Proeftydperk	N	een party stem in om sy/haar persoonlike dienste beskikbaar te stel
3.15	Dubbelstelsel	O	die inmenging is tot die uiterste graad
		P	ooreenkoms waarvolgens slegs lede van 'n vakbond in daardie bedryf ontwikkel mag word

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende dienskontrak deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Geagte me Mlambo

Dit is met groot genoeë dat ons u in kennis stel dat u by GIGI Fashion World as verkoopspersoon aangestel is.

Teken asseblief die volgende dienskontrak:

4.1 ……: U is a verkoopspersoon aangestel.

4.2 ……: Maandag–Vrydag: 08:00–17:00
Elke alternatiewe Saterdag en Sondag: 09:00–13:00

4.3 ……: R22,00 per uur; geen oortydtoelae nie

4.4 Soorte verlof: Kraamverlof
Jaarlikse verlof
(4.4.1) ……
(4.4.2) ……

4.5 Etenstye: ……

(6 × 1) (6)

4.6 Noem die DRIE hoofkomponente van die arbeidsverhoudingestelsel. (3 × 1) (3)

[9]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

KOKO SE WERK IS VEILIG (NOU) OMDAT DIE ARBEIDSHOF ESKOM VERHOED OM HOM AF TE DANK

Moneyweb berig dat die Arbeidshof in Johannesburg Vrydag 'n tussentydse bevel uitgevaardig het waarvolgens Eskom daarvan weerhou word om die dienskontrak van sy hoof van opwekking, Matshela Koko, onwettig te beëindig.

Die bevel is gebaseer op 'n skending van die diensvoorwaardes van Koko se indiensneming en 'n opdrag wat die regering op 21 Januarie 2018 aan Eskom uitgereik het, waarin die volgende staan: 'Die direksie word beveel om al Eskom se uitvoerende beamptes, wat bewerings van ernstige korrupsie en ander handelinge van onbehoorlikheid in die gesig staar, insluitende mnr Matshela Koko … onmiddellik te verwyder.' 'n Ultimatum is op 25 Januarie 2018 aan Koko gestel om die volgende dag voor 10:00 self te bedank aangesien hy as die 'gesig van korrupsie' by Eskom gesien word, of om afgedank te word.

Koko doen daarna aansoek om 'n hofbevel ten einde Eskom te verhoed om hom af te dank. In 'n eedsverklaring ter ondersteuning van sy aansoek wys Koko daarop dat hy nie in 'n Eskom-tugproses skuldig bevind is nie en geen ander aanklag in die gesig staar nie. Hy maak ook melding van drie ander bestuurders by Eskom aan wie soortgelyke ultimatums gestel is en wat vervolgens op 24 Januarie afgedank is. Die datum waarop daar na die hof teruggekeer moet word, is op 6 Februarie gestel.

[Bron: *http://www.salabournews.co.za*]

5.1 Bespreek die outomaties onbillike ontslag ingevolge artikel 187. (6 × 2) (12)

5.2 Bespreek kortliks die betekenis van ontslag ingevolge artikel 186. (5 × 2) (10)

5.3 Bespreek die riglyne in gevalle van ontslag weens wangedrag. (5 × 2) (10)

5.4 Definieer die volgende terme:

5.4.1 Herinstelling

5.4.2 Regsmiddel

5.4.3 Onbevoegdheid

5.4.4 Prosessueel

(4 × 2) (8)
[40]

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Nehawu, Sol Plaatje Universiteit bereik 'n loonooreenkoms en beëindig 'n drie week lange staking

SABC News berig dat lede van die National Education, Health and Allied Workers' Union (Nehawu) by Sol Plaatje Universiteit in Kimberley 'n skikking met die hoër leerinstelling bereik het nadat hulle drie weke lank gestaak het.

Keeme Mongale, die vakbond se voorsitter, sê dat hulle Woensdag met die Universiteit gaan vergader om die ooreengekome skikking te onderteken.

Die lede het op 'n salarisverhoging van 10%, 'n jaarlikse 100%-bonus en 'n 13de salaristjek aangedring. 'Ons het op 'n 13de tjek en 'n 100%-bonus vir die lae verdieners ooreengekom, gevolg deur 80% vir diegene wat salarisse van R470 000 en hoër verdien. Die bonus van twee ander salarisgroepe bly op onderskeidelik 70% en 7%. Ons het dit reggekry om, op grond van die glyskaal, die lae verdieners ten minste 'n opwaartse beweging betreffende salarisvergoeding te laat kry,' verduidelik Mongale.

[Bron: Kort berig deur Refilwe Gaeswe by ***SABC News]***

6.1	Bespreek die hooffunksie van 'n arbeidsinspekteur.	(5 × 2)	(10)
6.2	Verduidelik die hooffunksies van Nehawu by Sol Plaatje Universiteit.	(5 × 2)	(10)
6.3	Noem VYF kollektiewe ooreenkomste wat deur Sol Plaatje Universiteit en Nehawu bereik is.	(5 × 2)	(10)
6.4	Bespreek vryheid van assosiasie van werknemers en bestuur aan Sol Plaatje Universiteit.	(5 × 2)	(10)
			[40]

VRAAG 7

Mmatema Services
MIDDELBURG
1050
Tel: 013 243 2148
Faks: 013 243 441

Geagte me A du Pérez

I/S: AANSTELLING IN POSISIE VAN VERKOOPSTOESIGHOUER

Dit is met genoeë dat ons bogenoemde posisie by ons Kaapstadse fabriek aan u bied.

Die aanvangsalaris is R180 000 per jaar. Hierbenewens sal daar 'n maandelikse motortoelae en 'n jaarlikse bonus aan u betaal word.

Dit is verpligtend om lid van die maatskappy se pensioenfonds en mediesehulpskema te word en bepaalde bedrae daarvoor sal van u salaris afgetrek word.

Die normale werksure is van 07:00 tot 17:00 van Maandag tot Vrydag. Daar sal egter ook van u verwag word om oortyd te werk wanneer dit verlang word.

U is op jaarlikse verlof van 15 dae en siekteverlof van 24 dae in elke siklus van drie jaar geregtig.

Ons maatskappy laat nie werknemers toe om by 'n vakbond aan te sluit nie en, indien u dit doen, sal u ontslaan word.

Neem asseblief kennis daarvan dat daar van u verwag word om self met die maatskappyreëls vertroud te raak en te alle tye hieraan te voldoen.

Ons sien uit daarna om u aan te stel.

Die uwe

V Mashele

V Mashele
Mensehulpbronbestuurder

7.1 Bespreek die vereistes vir 'n staking voordat dit as beskermde staking beskou kan word. (4 × 2) (8)

7.2 Dui VYF funksies van 'n werkgewersorganisasie aan. (5 × 2) (10)

7.3 Noem die voordele wat me Du Pérez sal ontvang sodra sy bogenoemde posisie aanvaar. (5 × 2) (10)

7.4 Dui DRIE moontlike oorsake van konflik in die werksplek aan. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

7.5 Bespreek die plig van die werknemer om redelike bevele te gehoorsaam. (2 × 2) (4)

7.6 Wat is die prosessuele kwessie wat sy kan uitdaag nadat sy die aanbod aanvaar het? (2 × 1) (2)

[40]

VRAAG 8

Bestudeer die gedeelte hier onder en beantwoord die vrae.

Afgedankte *Sunday Times* se adjunk-redakteur van politiek nader dalk die KVBA

Die afgedankte adjunk-redakteur by die *Sunday Times*, Jan-Jan Joubert, gaan na verwagting die koerant voor die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) daag.

Sunday Times se redakteur Bongani Siqoko het Woensdag News24 meegedeel dat Joubert se diens op 19 Januarie beëindig is.

'Hy het verlof vir appèl op 23 Januarie ingesit. Op 9 Februarie is die appèl gehandhaaf en hy het ons op dieselfde dag ingelig dat hy die saak aan die KVBA (Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie) gaan voorlê,' sê Siqoko.

[Bron: *https://mg.co.za/Mxolisi Mngadi*]

8.1 Definieer die volgende terme:

8.1.1 Grief

8.1.2 Belangekonflik

8.1.3 Sosialisme

8.1.4 Belangegemeenskap

(4 × 4) (16)

8.2 Bespreek die hooffunksies van die KVBA. (6 × 2) (12)

8.3 Verduidelik wat met 'n *dienskontrak* bedoel word. (6 × 2) (12)

[40]

VRAAG 9

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.



9.1 Noem die wetgewing wat in elkeen van die volgende vrae verduidelik word:

9.1.1 Maak voorsiening vir opleiding en vaardigheidsontwikkeling in die werksplek

9.1.2 Is gemoeid met beserings en siektes wat by die werksplek kan ontstaan

9.1.3 Bied beskerming teen onbillike diskriminasie

9.1.4 Dwing werkgewers om elke maand 'n gedeelte van 'n werknemer se loon af te trek en hierdie geld aan hierdie Fonds oor te betaal

9.1.5 Vul die Wet op Arbeidsverhoudinge aan aangesien albei wette 'n meganisme bied om minimum lone en werksomstandighede te bepaal

(5 × 2) (10)

9.2 Bespreek die rol van die arbiter. (4 × 2) (8)

9.3 Teken 'n diagram van die substelsel van die ekonomiese stelsel. (5 × 2) (10)

9.4 Dui VIER oogmerke van geskilbeslegtings aan. (4)

9.5 Dui VIER funksies van werksplekforums aan. (4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou